**"Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid"**
. (Hebr. 13:8)

# OMSENDBRIEF APRIL 2017

## Jubileum-uitgawe
## 55 Jare se arbeid in Opdrag van God

Ek groet al die broeders en susters in die wêreld hartlik in die kosbare naam van onse HERE Jesus Christus met Openbaring 1 vers 1:

*"Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het".*

Die apostel Johannes was so 'n dienskneg, aan wie die profetiese deel van die plan van verlossing geopenbaar was. Die apostel Paulus was 'n dienskneg aan wie alles in die tyd van genade tot wanneer die wederkoms van Christus sal gebeur, geopenbaar was. Paulus kon skryf: *"En ek dank Hom wat my krag gegee het, Christus Jesus, onse HERE, dat Hy my getrou geag en in die bediening gestel het"* (1Tim 1:12). **Ek kan dieselfde sê**. Dit bly ook waar: *"... en God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking ..."* (1Kor. 12:28).

Volgens Sy plan van verlossing het die HERE God self bedieninge in Sy Gemeente geplaas. In ons tyd was die spesiale bediening van William Branham vir die wêreldwye Gemeente van heilsgeskiedkundige betekenis, en is ook die bediening waardeur die laaste boodskap die tweede koms van Christus direk vooruitgaan.

Vir Jeremia het die HERE gesê: *"Moenie sê: Ek is nog jonk nie!* (Ek was 29.) *Want* ***na wie Ek jou ookal stuur, moet jy gaan; en wat Ek jou ookal beveel, moet jy spreek*** *... jy het goed gesien, want Ek is wakker oor my woord om dit te volbring ... en hulle sal teen jou veg, maar jou nie oorwin nie; want Ek is met jou"* (Jer. 1: 7, 12, 19).

Die hoëpriester Josua het gesê: *"So sê die HERE van die leërskare: As jy in my weë wandel* ***en as jy my verordening onderhou, dan sal jy*** *my huis bestuur sowel as my voorhowe bewaak, en Ek sal jou vrye toegang verleen onder diegene wat hier staan"* (Sag. 3:7).

Waarlik, God het aan Sy profete en apostels bekend gemaak wat Hy van ewigheid af vir Sy eie – en in hierdie laaste tyd ook vir ons bestem het.

Die Woord en die raadsbesluit van God was nog nooit tevore so duidelik en allesomvattend geopenbaar soos in onse tyd nie.

In verskeie omsendbriewe het ek al oor die jare geskrywe en spesiale ervaringe genoem in direkte verband met die bediening, waarmee die HERE my op 2 April, 1962, opdrag gegee het.

Omdat ek deur verskeie broeders gevra is, sal ek kortliks nog 'n keer van my persoonlike data weergee. Soos u almal weet is ek in Desember 1933 in die distrik Gdańsk, voorheen Wes-Pruise, gebore. Nadat ek in Januarie 1945 met my ouers, broers en susters voor die oorlogsfront uit gevlug het, het ons sedert Maart 1945 in Noord-Duitsland gewoon. Vanaf 1947 het ek evangelisasie-veldtogte en internasionale christelike konferensies bygewoon veral in Hamburg. In 1948 het ek my bekering beleef en die doop, 1949 die doop met die Heilige Gees en wy toe my lewe aan die HERE en Verlosser, Jesus Christus.

Ek het die konferensies in die Elim Pinkstergemeente op Bachstraat herhaaldelik bygewoon sowel as die in die Vrye Pinkstergemeente in Eimsbütteler straat in Hamburg. In die na-oorlogse jare was die Heilige Gees veral effektief onder die vlugtelinge en uitgeworpenes; ja die geestesdoop het plaasgevind, selfs die hele gemeente het tydens die gebed God harmonieus in tale geprys.

In 1949, het ek by ‘n pinkster konferensie van die Amerikaanse evangelis Hal Herman, wat in 1945 as weermag-verslaggewer die ruïnes na die Hiroshima atoombom verfilm het, vir die eerste keer gehoor van William Branham. Albert Goetz het ook later in sy tydskrif "MEER LIG" berig oor hom en die buitengewone dinge wat in sy bediening gebeur het. Hy het die Duitse vertaling gepubliseer van die boek deur Gordon Lindsay: “WILLIAM BRANHAM – 'N MAN DEUR GOD GESTUUR”.

Vanaf Januarie 1952 het ek in Krefeld gewoon. Hier was daar 'n klein onafhanklike pinkster-gemeente, waarin ek ook geroep was om te preek. Deur wat ek gelees het in die boek, “WILLIAM BRANHAM – 'N MAN DEUR GOD GESTUUR”, het ek die begeerte gehad om hierdie man van God persoonlik te hoor.

In Augustus 1955 het ek die geseënde vergaderings van broeder Branham in Karlsruhe meegelewe. Sy eenvoud en nederigheid het ‘n diepe indruk op my gemaak. In die vergaderings het ons die genesingsgawe gesien, gekoppel met die profetiese gawe om visioene te sien, wat God uit die lewe van die siekes in die gebedslyn geopenbaar het. Dieselfde bediening het voor ons geskied soos die van onse HERE, soos dit in die Evangelies aangemeld is. Trouens, voor ons oë het blinde mense gesien, is verlamdes genees en het

ernstige siekes gesond geword. Die volle evangelie van Jesus Christus is gepreek, en God het dit deur tekens wat gevolg het, bevestig (Mark. 16:20). Ek was oortuig van dag een af dat niemand die werke kan doen wat daar gebeur het nie, tensy God met hom is nie. Dit was byeenkomste soos in die Bybel, dae soos in die tyd van die apostels, wat ek in Augustus 1955 as oog- en oor-getuie ervaar het in Karlsruhe.

Ek was bekend met hoe daar in die verskeie gemeentes geleer, geglo en gedoop was. Daarom wou ek weet wat hierdie man van God glo en leer, want God het Sy Woord bevestig voor duisende mense. Met hierdie begeerte het ek tussen 6 en 15 Junie, 1958, deelgeneem aan die groot "VOICE OF HEALING" konferensie in Dallas, Texas, VSA, wat deur Gordon Lindsay geskeduleer was. Terwyl die oggend en middag sessies deur wêreldbekende evangeliste waargeneem was, was die aand byeenkomste deur broeder Branham waargeneem, as die hoofspreker. So het ek die geleentheid gehad om 'n vergelyking te tref, en die eerste drie dae was genoeg vir my om duidelikheid te kry: Dit was die goddelike legitimiteit van broeder Branham se bediening, wat hom onderskei het van al die ander evangeliste.

Voor die aand-byeenkoms van die 12de, het ek 'n gesprek met hom aangeknoop en vir hom gesê: "Broeder Branham, ek sien die verskil tussen jou en al die ander evangeliste. Ek wil weet wat jy glo en leer". Sy antwoord was: "Ek het 'n Boodskap wat ek moet bring. Gaan na Leo Mercier; hy is die een wat die preke op band opneem. Vra hom om sommige van dit vir jou te gee". Aan die einde van hierdie gesprek het hy gesê: "Broeder Frank, jy gaan met hierdie Boodskap na Duitsland terugkeer". Op daardie stadium het ek 2½ jaar al in Kanada gewoon. Dit was toe dat ek vir die eerste keer hoor van 'n "Boodskap". Aan die einde van die gesprek het ons mekaar omhels. Die volgende dag het ek na broeder Mercier gegaan en hy het my vyf oudioband-preke gegee. Ek het hom my adres gegee en van toe af was elke preek wat broeder Branham opgeneem het, aan my gestuur.

## 'n Nuwe Tydvak

Kort daarna het ek teruggekeer na Duitsland. Hier het ek deelgeneem aan die predikers-bediening soos voor my emigrasie in 1956. In Oktober 1959 het die verantwoordelike hoof van die Vrye Pinkster Kerke na Krefeld gekom en in die gemeente gewaarsku oor William Branham en sy leringe. Vir my en 'n paar broeders en susters, altesaam 14 persone, was dit nou die tyd om hierdie gemeente te verlaat. Ons het in 'n klein huisgroep vergader waar ek in Desember 1959 die eerste preek van broeder Branham vertaal het. Die HERE het genade gegee, so, ons moes gou 'n saal huur wat ruimte vir 70 mense kon aanbied. Nie lank daarna het ons 'n 120-sitplek saal gehuur.

Toe meer broeders en susters uit ander stede bygevoeg is, het ons ‘n saal gehuur wat 240 sitplekke gehad het. In April 1974 kon ons ons eie gebou met 750 sitplekke inhuldig. Die preke van broeder Branham, wat gereeld aan my gestuur was, het ons oor die jare gelyktydig vertaal van die bande af. So het ons as 'n gemeente 'n harmonieuse geestelike groei ervaar.

My ervarings in Broeder Branham se dienste, of dit nou was in 1955, 1958 of 1962 en my persoonlike ontmoetings met hom, is ook bekend. Die 21 briewe van Broeder Branham tussen 11 November, 1958, en 30 September, 1965, getuig van my persoonlike verbinding met die man van God.

## Dit is die Dag wat die HERE bestem het
## Sonder ‘n Roeping is daar geen Sending nie
## – sonder ‘n Sending is daar geen Roeping nie

Op Sondag, 2 April, 2017, was dit 55 jaar sedert die getroue HERE my volgens Sy Wil geroep het, volgens Sy Plan van Verlossing. Paulus het drie keer oor sy roeping getuig: Handelinge 9, Handelinge 22 en Handelinge 26. Broeder Branham het ook dikwels oor sy roeping getuig. Wie guns by God gevind het, het geglo; wie nie guns gevind het nie, het dit gemis. Dieselfde gebeur nou.

Die apostel Paulus het homself soos volg voorgestel: ***"Paulus, 'n dienskneg van Jesus Christus,*** *‘n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God"* (Rom. 1:1). Die apostel Jakobus het ook homself as 'n "dienskneg" voorgestel: ***"Jakobus, 'n dienskneg van God en die HERE Jesus Christus ..."*** (Jak. 1:1). Dieselfde het ook die apostel Petrus gesê: ***"Simon Petrus, 'n dienskneg en apostel van Jesus Christus ..."*** (2Pet. 1:1). 'n Getroue dienskneg doen alles presies volgens die instruksies van sy HERE, soos sy HERE hom beveel.

In verskeie omsendbriewe het ek ook berig oor die ander ervaringe wat direk verband hou met die bediening, waardeur die Verlosser my persoonlik opdrag gegee het. Hy het my herhaaldelik as “My dienskneg” aangespreek, en ek kan elke plek noem waar en wanneer dit gebeur het. Nie ‘n enkele keer was dit 'n droom nie; ek was elke keer in ‘n wakker toestand. Soos Paulus kan ek voor God en die mensdom ook sê: ***"En toe ... hoor ek ‘n stem met my spreek ..."*** (Hand. 26:14). Wie kan verstaan wat dit beteken om die alles-deurdringende stem van die HERE te hoor, en die verantwoording, as jy direkte instruksies kry?

- Krefeld: My getuienis van die oorweldigende ervaring op 2 April, in 1962, is by almal nou al vir baie jare bekend. By dagbreek het ek die geweldige

stem van die HERE gehoor: **"My dienskneg, jou tyd vir hierdie stad is binnekort om. Ek sal jou na ander stede stuur om My Woord te verkondig".** Ek het geantwoord: "My geliefde HERE , hulle sal nie na my luister nie ...". Sy antwoord was: **"My dienskneg, die tyd sal kom dat hulle na jou sal luister. Jy moet spyse en lewensmiddele voorsien, want daar kom 'n groot hongersnood. Dan sal jy in die midde van die mense staan en die voedsel bedien ..."** en toe volg die besonderhede waaraan ek aandag moes skenk. Die laaste twee dinge wat die HERE my beveel het, was: **"My dienskneg, moenie enige plaaslike gemeentes stig nie en moet nie ʻn gesangboek uitreik nie want dit is 'n teken van 'n denominasie ...".** Ek is oortuig daarvan dat plaaslike gemeentes Bybels is, maar dit is nie my opdrag om in ander stede en lande gemeentes te stig nie. Selfs al is dit met ons soos in alle gemeentes, om liedere te sing, mag ek nie my eie liedjies publiseer nie. Ek het presies gevolg wat die HERE gesê het.

- Marseille, Frankryk: **"My dienskneg, staan op en lees 2Timótheüs, hoofstuk 4 , want Ek wil met jou praat ... "**. Die vorige aand was ek die vraag gevra, wat die sewe donderslae van Openbaring 10 is. Ek het geen antwoord daarop gehad nie. Die volgende oggend het die HERE self aan my die antwoord gegee deur die Heilige Skrifte: *"... v**erkondig die Woord, hou aan tydig en ontydig;** weerlê, bestraf, vermaan met alle lankmoedigheid en lering ...".* Toe sit ek my Bybel op die tafel, lig my hande op en sê: "Geliefde HERE, so gewis as wat U aan my gesê het om hierdie teks te lees, so gewis is wat die sewe donderslae geuiter het, nie in die Woord van God geskryf nie. Daarom kan dit nie verkondig word nie". Dit is SO SPREEK DIE HERE. Ware diensknegte van Jesus Christus is deur God self verbind tot die verkondiging van net dit **wat geskryf is** (Openbaring 1: 1-3) en van wat geskryf is moet niemand enigiets wegneem of iets daaraan toevoeg nie (Openb. 22: 18-20). Die sewe donderslae van Openbaring 10 sal eers weerklink wanneer die HERE neerdal as die Verbondsengel en Sy voete op land en see plaas.

- Krefeld: Die visioen met die koringveld en die dorsmasjien was uitsonderlik. Daar was al vreeslik baie gelaster oor hierdie ervaring. Een broeder het selfs baie jare gelede 'n boekie geskryf oor dit met die titel: "The Combine Dossier". Daarin word ek na verwys as die antichris, as 'n verleier, ens., en vreeslik bespot. Ek gee weer, in die aangesig van God, net wat ek gesien en gehoor het: Ek was in die Gees geneem na 'n baie groot, oorryp koringveld en gesien hoe die volle are koring, wat alreeds deur die son geskroei was, almal eweredig oorgebuig was. Ek weet dat deurgans die genadetyd die Woord gesaai word as saad en dat daar in elke gemeentelike tydvak 'n siele-oes van oorwinnaars plaasgevind het.

Maar die Skrif praat ook van wat direk aan die einde moet gebeur: dat die koring in die hemelse skuur gebring moet word (Matt. 3:12). Ek het opgemerk dat daar geen onkruid in die koringveld is nie, en het in die Gees geweet dat die onkruid reeds uitgetrek is, soos geskrywe is: *"Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels ..."* (Matt. 13:30). Toe kyk ek na links en sien 'n splinternuwe dorsmasjien. Op daardie oomblik het die HERE in 'n kragtige stem gepraat : **"My dienskneg, die dorsmasjien is vir jou, want jy moet die oes inbring ..."** Ek het dadelik gegaan en op die dorsmasjien geklim. Maar dit het baie donker geword: dit was asof 'n geveg in die aangeblaaste wolke plaasgevind het. En ek het gesê: "Getroue HERE, dit is te laat. Ek kan nie die oes inbring nie; die oordeel breek klaar oor die aarde". Die volgende oomblik het die son in alle sterkte, deur 'n opening in die wolke gebreek en geskyn oor die koringveld. Onmiddellik het ek die hefbome verskuif en die oes begin insamel. Toe ek klaar was, het dit weer donker geword en ek het net die geknars en donderweer gehoor.

- Krefeld: **"My dienskneg, kanselleer jou reis na Indië!"** Ek het dit eers gedoen nadat die HERE my dit die tweede keer gebied het. Ek het reeds die kaartjies van die reisagentskap afgehaal en moes by die Vrydag in Oktober 1976 vlieg. Die vliegtuig, waarop ek bespreek was van Bombay na Madras, het ná opstyg aan die brand geraak en al 96 passasiers is dood. My naam het gestaan op die passasierslys – so was dit bevestig in 'n telefoon oproep vanaf die kantoor van Buitelandse Sake – maar my tyd om huis toe te gaan, het nog nie gekom nie.

- Edmonton, Kanada: **"My dienskneg, ek het jou volgens Matthéüs 24, verse 45 tot 47, daartoe bestem om die voedsel op die regte tyd uit te deel".** Dit was vir my die antwoord uit die mond van HERE, nadat ek die vorige dag die vraag van broeder Bablitz gevra was: of my bediening, net soos die van broeder Branham, in die Bybel gevind word. Tot op daardie stadium het ek dit self nie geweet nie. O die getrouheid van God! Amen. Broeder Branham het vir my op 3 Desember, 1962, gesê: "Broeder Frank, wag met die uitdeel van die voedsel totdat jy die res kry".

- Krefeld: **"My dienskneg, wanneer die laaste werk begin, sal Ek weer met jou praat. Dan sal My Gees in jou geheilig wees ...".** Die stad van Zürich is ook genoem. Ek hou daaraan vas dat God self aan die einde 'n kort en kragtige werk gaan doen waaraan ons aandeel sal hê: *"Want Hy volbring 'n saak* ***en verkort dit in geregtigheid,*** *omdat die HERE* ***'n saak wat verkort is,*** *op aarde sal doen"* (Rom 9:28).

- Krefeld: **"My dienskneg, wanneer die grense oopgaan, sal Ek die bruid uit die Oos-Europese lande roep ...".** In die visioen het ek myself

op die platform van 'n groot balsaal bevind. Baie mense het ingekom en gaan sit. Toe het ek gesien, dat daar nog leë stoele oral was. Die volgende oomblik het die stem van die HERE weerklink van bo en regs van die kandelaar, waaronder ek gestaan het: **"My dienskneg, wanneer dit gebeur, is My koms baie, baie naby!".** Toe het ek gesien hoe die verskillende groepe kom uit Oos-Europese lande. Die leidende broeder van elke groep het my gegroet en toe met sy groep die saal binne gegaan. Nadat die laaste groep ingekom het, het ek oor die saal gekyk. Toe was al die stoele beset. Hierdie ervaring het ek dertien jaar voor die 1989 val van die Berlynse muur en die opening van die oostelike grense gehad. In daardie tyd, in 1976, het niemand daaraan gedink, dat die Oosblok sal ontbind nie en dat die vereninging van Duitsland en Europa sou plaasvind nie.

- Krefeld: **"My dienskneg, gaan na die naburige stuk grond, wy dit aan My en bou daarop ...".** Die eiendom langs ons kerk-gebou was 'n krygs-gevangenis tydens die Tweede Wêreldoorlog en was nog steeds met 'n 2.30m hoë heining van ons afgesonder. Ek het deur die nou hekkie geloop wat na die winkelsentrum gelei het. Op die eiendom het ek op die oorgroeide grond gekniel en dit toegewy aan die God van die Hemel vir Sy Gemeente hier op aarde. Vandag is die sending-geboue daarop – die drukkery, die kantoor, die poskamers en die doopplek.

- Krefeld: **"My dienskneg, gaan na R.T., neem die ouderlinge saam met jou en lees vir hom die Woord wat die profeet Jesaja aan Hiskía gespreek het. Hy sal gesond word (Jes. 38)".** Broeder Russ, broeder Schmidt en ek het gedoen wat die HERE beveel het, en God het Sy Woord deur 'n wonderwerk bevestig!

- Krefeld: **"My dienskneg, gaan heen en praat die woord**, **dat die gelowige vrou nie tot skande sal wees voor haar ongelowige man nie".** ‘n Dierbare suster het met 'n splinternuwe motor meer as 300 kilometer na die byeenkoms gekom; maar toe sy terug moes keer, het die motor geweier om aan die gang te kom, selfs nadat kundiges onder ons broeders en selfs van die ADAC gekyk het. Ek het net deur die gebedskamer gegaan toe die stem van die HERE weerklink het. Geen mens kan hom voorstel wat 'n gewistheid, wat 'n absoluutheid die Woord uit die mond van die HERE bring nie! Ek het na buite gegaan – etlike broeders was nog naby – die suster aangetref en gesê: "Gaan, sit die motor aan die gang, want dit is wat die HERE gesê het". Die suster sê toe: "Maar ons het alles probeer ...". Ek het haar toe onderbreek: "Moenie nog praat nie, gaan doen wat jy in die naam van die HERE gesê is!". Die motor het aan die gang gekom en sy het weggery tot by die huis, sonder voorval!

Die volgende oggend wou die motor weer niks maak nie en moes na die werkswinkel toe gesleep word. Daar het hulle ontdek dat die brandstofpomp onklaar was en hulle moes 'n nuwe een installeer.

- Krefeld: Op Saterdag 18 November 1978 het die HERE omstreeks 10:00 die oggend in die kantoor by die sendingstasie met my gepraat: **"My diensknеg, deursoek die Handelinge van die Apostels, of ooit 'n man saam met sy vrou in die bediening geroep was".** Ek het my Bybel geneem, in Handelinge gelees en het gou besef dat selfs die sewe evangeliste sonder hul vrouens geroep was. Deur hierdie teregwysing was 'n profesie wat in Mei 1976 gemaak was, waarvolgens ek 'n egpaar tot die bediening moes toewy – en onder die indruk dat dit SO SPREEK DIE HERE was, het ek dit ook gedoen – deur God self as vals geopenbaar.

- Krefeld: In Desember 1980 was ek, op 'n sendingreis deur Afrika in Accra, Ghana, vier keer in een nag deur muskiete gesteek. By my terugkeer is ek op 1 Januarie 1981 gebring na die hospitaal waar malaria tropica op 'n gevorderde stadium gediagnoseer is. Drie dae later het ek die woorde gehoor wat die hoofarts, Prof. dr. Becker, aan sy mediese span gespreek het: "Dit is te laat. Dit is te laat. Hier help niks meer nie; geen medikasie, ook nie bloedoortapping nie". Ek kon nog steeds hoor, maar was reeds te swak om te praat. Ek het besef dat die einde gekom het, en my enigste vraag was: " HERE, my Verlosser, hoe staan ek voor U?". Daarna was ek uit my liggaam geneem onder die bloue hemel en sien toe 'n ontelbare, witgeklede skare. Almal was in die bloei van hul jeug (Job 33:25). Opvallend was die verskillende haar kleure. Die susters het almal lang los-hangende hare gehad. Ons was majesties hoër en hoër opgeneem. Toe het ek iets soos 'n horisontale skeidslyn gesien, soos 'n sonsopkoms oor die wolke verskyn. Ek het geweet in die Gees dat ons later die HERE in die lug sal ontmoet. So het ek opgekyk en die Heilige Stad gesien. Strome van geluksaligheid het deur my hemelse liggaam gevloei. Ek het geweet: dit is die wegraping. Groot was my teleurstelling toe ek teruggekom het in my aardse liggaam.

- Krefeld: **"My diensknеg, versamel vir My my volk, almal wat 'n verbond met my gesluit het by die offer. Ek wil hulle My woorde laat hoor".** Later het ek twee Skrifte gevind, wat dieselfde uitdrukking gee: Deuteronomium 4 vers 10: ***"Vergader die volk vir My, en Ek sal hulle my woorde laat hoor*** *..."* en Psalm 50 verse 5-6: *"**Versamel my gunsgenote vir My, hulle wat my verbond by die offer sluit**. Die hemele verkondig sy geregtigheid; want God staan gereed om te oordeel".* **Die volk van God, die ware Gemeente van die Nuwe Verbond, sal nou versamel om die**

**woorde van God te hoor.** Ons moet neem wat God ons deur die Nuwe Testamentiese verbond geskenk het: *"Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes "* (Matt. 26:28). Wie nou aan die volk van God behoort, sal kom om die woorde van God te hoor. Alle ander sal op hul eie weë aangaan. Die Skrif is vervul wat sê: *"Die wat uit God is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie"* (Joh. 8:47).

- Varna, Bulgarye: Ek was op 'n sendingreis op 15 Julie, in 1999, toe ek tydens die middaguur uit die liggaam opgeneem was na die paradys: Ek het die reënboog-kleurige oorvloedige lig harmonies gesien beweeg. Ek het in die gees geweet dat die troon hoër was aan my regterkant, want van daar af het die met-vuur-gemengde lig gekom. Aan die linkerkant het 'n mannekoor met omhoogde hande die woorde uit Psalm 34 in Duits gesing: *"**Die Engel van die HERE trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.** Smaak en sien dat die HERE goed is; welgeluksalig is die man wat by Hom skuil!"* Broeder Branham het 68 keer gesê: "Die Engel van die HERE is hier op die platform". Dit was die teenwoordigheid van die HERE in die bonatuurlike wolk van lig.

Alles is genade: die roeping, die sending en die ervarings wat daarmee geassosieer is. Dit bly dit, dat die boodskap die wederkoms van Christus moet voorafgaan. Broeder Branham het dit 17 keer gesê en niks kan dit, wat voor die grondlegging van die wêreld in God se Plan van Verlossing besluit was, kragteloos laat nie: ***"(Ek ...) wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan! en al wat My behaag, sal Ek doen"*** (Jes. 46:10).

As gevolg van die goddelike uitverkiesing, kon ek die heilsgeskiedkundige opdragte tot met hierdie huidige dag uitvoer. Getrou aan wat die HERE my op 2 April, 1962, beveel het, kon ek so vroeg as 1966/67, kort nadat Broeder Branham heengegaan het, byeenkomste in vyf lande en 25 Stede van Wes-Europa hou. Vanaf 1968 het ek ook deur die lande van Oos-Europa gereis, via Moskou tot by die Oeral en Siberië. Ander lande en kontinente het gevolg. Ek het van stad tot stad gegaan, van land tot land gereis, van kontinent tot kontinent gevlieg en die Woord verkondig soos die HERE my op 2 April, 1962, opdrag gegee het – selfs in Kaïro, Damaskus, Aleppo en Beiroet.

Ook in Kanada, die VSA, Latyns-Amerika, Afrika, Asië, Australië en Nieu-Seeland en selfs Beijing, (destyds bekend gewees as Peking), waar ek in die vroeë 1980's as 'n gas van die staat ontvang is, het ek die Woord van God geleer en die boodskap verkondig. Die getroue HERE het elke dag genade geskenk vir die reise en Sy seën gegee. Ek neem Sy opdrag, wat Broeder Branham op 3 Desember, 1962, voor getuies bevestig het, baie ernstig:

deel die geestelike voedsel uit en verkondig die ewig-geldige Woord van God, waar die geleentheid hom ookal voordoen.

In die 55 jaar sedert daardie oorweldigende belewenis op 2 April, 1962, het ek 160 lande besoek, sommige herhaaldelik, en daar in 650 stede gepreek. Die gereelde maandelikse sendelings-reise regoor die tydperk het nou 10 miljoen lugmyle oorskry. Ek bly nooit langer as 1 tot 2 dae by een plek nie en hoogstens vir 2 tot 3 vergaderings, dan na die volgende stad om die laaste boodskap in opdrag van God te verkondig, tot die laaste vooruitbestemde een uitgeroep is. Deur televisie-uitsendings is ook die lande bereik, wat ek nog nie self kon besoek nie. **So bereik die evangelie die einde van die aarde, vir alle volke tot getuienis (Matt. 24:14) en word die uitverkiestes uitgeroep (2Kor. 6: 14-18), en dan kom die einde; dit is wat die HERE gesê het.**

In al die jare was ons ook hier in die sending-sentrum aanwesig met vergaderings. Ook toe Satan se versoeking in 1979 gekom het, om my vertroue op die goddelike roeping, die Gemeente en die werk in die algemeen alles deur lastering en karakter-skending te verwoes, was dit met God se hulp geweerlê, soos die HERE in Jesaja 54:17 gesê het, *"Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê.* ***Dit is die erfdeel van die knegte van die HERE*** *en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die HERE"*

Die ware gelowiges het die volgende woorde van onse HERE ter harte geneem: ***"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang my; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het"*** (Joh. 13:20) en hulle bly getrou. Ongelukkig is dit ook waar: *"Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie; want Jesaja het sê:* ***HERE, wie het ons prediking geglo?"*** (Rom. 10:16). Ek moes besef dat 'n dienskneg nie anders as sy HERE en ander diensknegte van God is nie, soos dit ook met Job en sy familie gebeur het. Die apostel Jakobus het geskryf: *"Kyk, ons reken hulle geluksalig wat verdra.* ***Julle het gehoor van die lydsaamheid van Job, en julle het die eindoel van die HERE met hom gesien,*** (Job 42:10) ***dat die HERE vol medelye en ontferming is"*** (Jak. 5:11). Net soos Job, ervaar hulle uiteindelik 'n dubbele herstel. Dit wat die HERE van die Gemeente gesê het, bly vir ewig waar: *"... en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie"* (Matt. 16:18).


Ons internasionale byeenkomste, wat maandeliks plaasvind, word bygewoon deur broeders en susters, wat kom van regoor die wêreld. Ook skakel meer as 1,700 huishoudings en hele gemeentes, in meer as 170 lande, in op hierdie byeenkomste, via die internet. Die almagtige God het vir alle voorbereidings op alle gebiede gesorg: vir ouderlinge en diakens, vir sangers

en instrument-spelers, wat ons aanbiddingsdienste verryk; vir broeders en susters wat verskeie tale bemeester, sodat beide die aanbiddingsdienste en ook die brosjures in 15 tale vertaal kan word; vir doeltreffende medewerkers in tegnologie, vir die drukkery en die versending. Van die begin af kon alle brosjures, boeke, CD's en DVD's gratis versprei word regoor die hele wêreld, omdat God broeders en susters gelei het om die internasionale sendingwerk te ondersteun. Hy het niks vergeet nie. God Sy dank daarvoor.

Ons verwag binnekort die finale werk van God onder Sy eie soos dit in Jakobus 5: 7-8 geskryf is: ***"Wees dan geduldig broeders, tot op die wederkoms van die HERE.*** *Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het.* ***Julle moet ook geduldig wees; versterk julle harte, want die wederkoms van die HERE is naby".*** Dit geld vir almal wat nou deel het aan wat God huidiglik doen!

## Die Begin en Einde van die Hervorming

Die Hervorming van Luther 500 jaar gelede, word hierdie jaar herdenk deur beide die Protestantse en die Katolieke Kerk, met talryke, deels ekumeniese gebeurtenisse. Maar eintlik moet die terugkeer-besinning gebasseer wees op wat in die Bybel geskryf is, oor bekering van die individu tot Christus, die Verlosser, en oor die persoonlike verhouding met God wat reeds 150 jaar vroeër met John Wycliff in Engeland en Jan Hus in die Tsjeggiese Republiek begin het. Erasmus van Rotterdam, 'n Hollander, was eerste om die Nuwe Testament in die oorspronklike Grieks teks te publiseer. Die Hervorming was nie beperk tot Duitsland nie, maar het oor die hele Europa gestrek. Luther het uiteindelik gehelp om 'n deurbraak te maak. Omdat hy die belangrikheid van die Bybel erken het, het hy dit vir die hele volk in Duits vertaal.



Die prentjie toon 'n paar mense wat in die Reformasie-tyd 'n rol gespeel het: behalwe die Tsjeggiese Jan Hus van Praag, was daar natuurlik Martin Luther saam met sy vrou, Katharina van Bora, en sy vriend Philipp Melanchthon, wat effektief in Duitsland was en Huldrych Zwingli, 'n dapper Switserse man in Zurich, en John Calvyn, 'n Fransman in Genève. Dit is indrukwekkend om die manne en vroue te ken wie tot die Hervormings-deurbraak bygedra het.

Wie oplees oor hoe verskillend die kennis van die hervormers en die onderwerpe was, waaroor hulle mekaar aangevoer het, begryp ook dat dit net die begin was. Daar was herlewings onder Menno Simons, as stigter van die Mennonites, onder John Smith as voorloper van die Baptiste en ook John Wesley, onder wie die Metodiste uitgespruit het. Ook graaf Zinzendorf van die Morawiese Kerk en ander herlewingspredikers het in die volgende eeue die bybelse onderwerpe en die genesingservaringe al hoe meer in die proklamasie ingesluit. Dit het voortgegaan tot die begin van die 20ste eeu. Die Pinkster herlewing, met die geestesuitstorting op 9 April, 1906, in Azusastraat in Los Angeles, was 'n deurbraak vir die vroeë christene, wat die gawes van die gees betref, alhoewel hulle nog nie in die suiwer leringe van die apostels was nie. Die meeste van die daaruit-voortspruitende pinksterkerke het in die trinitariese geloof gebly, wat 325 nC in Nicaea geformuleer is en in 381 nC by die Raad van Konstantinopel aangepas is en as die "Apostoliese Geloofsbelydenis" bekend geword het. Dit moet duidelik gestel word dat geen apostels aan enige van hierdie rade deelgeneem het nie. **Die *bybelse* geloof is slegs in die Bybel geskryf,** en slegs wat die apostels, wat namens die opgestane Verlosser opgetree het, onder die direkte leiding van die Heilige Gees geleer het, **is apostolies en geldig tot die einde toe vir die Gemeente van Jesus Christus.** Dit is misleidend om die opskrif "Geen ander Evangelie" te skryf, wanneer 'n godsdienstige tradisie aangebied word. Dit is nie goed vir enigiemand om die term "getrou aan die Bybel" te gebruik as dit dan 'n belydenis volg wat eers met die keiserlike kerk in die vierde eeu voorgekom het, maar niks met die Bybel in gemeen het nie. So praat die Verlosser in Johannes 17 nie van die eenheid van die vele kerke nie, maar van die geestelike eenheid van die gelowiges: *"Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees".*

Oor wat die apostel Paulus namens God geskryf het, moet almal ernstig in alle Christelike denominasies dink: ***"Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos ‘n bekwame boumeester die fondament gelê****, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou"* (1Kor. 3:10). ***"... gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is,*** *in wie die gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die HERE, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees"* (Efe. 2: 20-22).


*"**Een HERE, een geloof, een doop;** een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in almal is"* (Efe. 4: 5-6). ***"Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!"*** (Gal. 1:8).

Alle hervormers het dit in gemeen gehad dat hulle die pous as die verteenwoordiger was Christus verwerp, sowel as die destydse gebruiklike toegewings of aflaat-handel, die verering van Maria, ja, en al die kultusse van heiliging, afbeeldery en relieke. Dit sluit in die opruiming van gereformeerde kerkgeboue: standbeelde, portrette, selfs orrels is verwyder. Ongelukkig het die onderrig in die daaruit voortvloeiende formele- en onafhanklike kerke nog steeds nie met die leringe van die apostels ooreengekom nie; Om presies te wees, elke geloofsgroep het hul eie evangelie verkondig.

Die apostels het ons nog met drie, nog met sewe sakramente gelaat, wat salig maak. Hulle het net die sendingbevel uit Matthéüs 28:19 uitgevoer, die evangelie van versoening met God, van vergifnis van sondes verkondig, en volgens Markus 16:16 almal wat geglo het, **gedoop in die Naam van Jesus Christus** . Dit is die nuwe-testamentiese Verbondsnaam, waarin God aan ons as Vader in die Seun en deur die Heilige Gees geopenbaar is. Die saligheid van God is slegs in Hom (Hand. 4:12). Die Trinitêre formule "in die naam van die Vader, in die naam van die Seun en in die naam van die Heilige Gees", word nie ’n enkele keer in die Bybel gebruik nie. Die internasionale kerkgeskiedenis getuig dat in die eerste christelike eeue gelowig-gewordenes net in die naam van die HERE Jesus Christus gedoop is, deur onderdompeling. Die misverstand oor Matthéüs 28:19 gaan terug na die Raad wat in 381 nC gehou was.

In Handelinge 2, was bekering en die vergifnis van sondes op die stigtingsdag van die Gemeente verkondig: *"En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang"* (vers 38). Die eerste drie duisend gelowiges is gedoop (Hand. 2: 37-41). Dit is die enigste geldige patroon dwarsdeur die apostoliese geskiedenis: Filippus het in Samaria gepreek, en daar word berig van diegene wat gelowig geword het: ***"... hulle was net gedoop in die naam van die HERE Jesus"*** (Hoofstuk 8: 14-17). Petrus het die evangelie van Jesus Christus in die huis van die Romeinse kaptein Cornelius gepreek en die Heilige Gees het op die toehoorders geval. Dan lees ons: ***"En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die HERE ..."*** (Hoofstuk 10: 43-48). Paulus het in Éfese gepreek aan die wat Johannes die Doper gevolg het: ***"En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die HERE Jesus"*** (Hoofstuk 19: 3-6). Dit geld in die Gemeente van Jesus Christus tot die einde toe.

Honderde artikels, pro en kontra, is in verband met die herdenking van die Reformasie oor Martin Luther en die Hervormingstema gepubliseer. Een titel lui: "500 jaar van Skeiding is Genoeg". Versoeningdienste vind oral plaas. Dit gaan altyd oor "Eenheid in veelvuldigheid". Maar waar is die versoening van die individu met God deur Jesus Christus, die Verlosser (2Kor. 5: 14-21)? As die Kerke terugkeer na die baarmoeder van die Kerk van Rome, getuig hulle dat hulle geestelik daar behoort. Almal, wat genade by God vind, keer terug na die oorspronklike Gemeente, terug na die leringe van die apostels, wat vanaf Jerusalem uitgegaan het. Die laaste oproep gaan nou uit aan al die ware gelowiges en word aangespreek, ongeag van godsdienstige affiliasie, en hulle sal Hom volg. ***"Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die HERE, en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die HERE, die Almagtige"*** (2Kor. 6: 17-18).




Bron: '*DIE ENTSPRECHENDEN ORGANISATIONEN*'

Kom ons kyk na die hele Christendom. Wie van die meer as 2 miljard het 'n ware bekering tot Christus ervaar? Wie het die Wedergeboorte deur woord en gees ervaar, wat die HERE self vereis: *"Jesus antwoord en sê vir hom: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie"* (Joh. 3:3)? Wie het die genesingservarings meegemaak soos dit in die vroeë Gemeente aangetref word? Wat nog steeds waar is, is wat die apostel Johannes geskryf het: ***"En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie*** (1Joh. 5: 11-12). Geen godsdiens, selfs nie die christelike nie, het ooit aan een man vergewe vir sy sondes en God se Verlossing gebring nie.

Ook die 300 miljoen Pinksters en charismatika moet gevra word: hoeveel van hulle het bekeer, het vergifnis van hul sondes gevra en **is Bybels gedoop in die naam van die HERE Jesus Christus**? Is dit nie liewer die geval dat alle formele- en onafhanklike kerke hul eie evangelies verkondig en hul eie koninkryke bou nie – nie op Christus, die rots van verlossing nie, maar op hul eie geloofsbelydenis? Die ernstige woorde wat die HERE in Matthéùs 7: 21-22 gesê het, lui: ***"Nie elkeen wat vir My sê: HERE, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is****. Baie sal in daardie dag vir My sê: HERE, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!*"

## Rome – die Wêreldhoofstad



Op Vrydag 24 Maart, 2017, het Pous Francis die EU-staats- en regerings-hoofde in die Vatikaan verwelkom. Die groot geleentheid was die viering van die 60ste herdenking van die "Verdrag van Rome". Die Romeinse verdrag is op 25 Maart 1957 onderteken deur verteenwoordigers van die Federale Republiek van Duitsland, België, Nederland, Luxemburg, Frankryk en Italië, in die "Palazzo dei Conservatori", in Rome. Dit was die stigting van die Europese Unie. Reeds aan die begin van verlede jaar het die Pous op 'n perskonferensie gesê om alles te doen "sodat die Europese Unie die mag en ook die inspirasie het om ons vorentoe te laat beweeg". Al 27 ondertekenaars het 'n gesamentlike verklaring onderteken in dieselfde kamer waar die Verdrag van Rome in 1957 gesluit was.

'n Ou spreekwoord sê: "Alle paaie lei na Rome, maar net een lei uit". Die profeet Daniël het alreeds die vier wêreldryke gesien (Dan. 2: 36-45; 7: 1-8): die Babiloniese, die Medo-Persiese, die Griekse en die laaste, die Romeinse Ryk, wat 63 vC begin het. Toe Karl die Grote in 800 nC in die St. Peter's Basilika van Pous Leo III as Keiser gekroon is, het hy homself as die opvolger van die Romeinse keisers gesien. Tot 1806 was "Heilige Romeinse Ryk" die amptelike naam vir die heerskappy van die Romeins-Duitse keisers.

Op die internet kan 'n mens die beste volg hoe die Vatikaan oral betrokke is by wêreld-gebeurtenisse. Hoofsaaklik gaan dit oor *vrede en veiligheid*. Met die vredes-ooreenkoms tussen Israel en die Palestyne, deur direkte bemiddeling van die Vatikaan, sal die doelwit in die wêreld-brandpunt, die "Midde-Ooste", oënskynlik bereik word. Maar dan sal vervul word wat Paulus alreeds met profetiese visie geskryf het: ***"Wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid — dan oorval 'n skielike verderf hulle ..."*** (1Thes. 5:3).

Wat Israel betref, moet almal ernstig opneem wat God self vir Abraham gesê het: ***"En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word"*** (Gen. 12:3). Dit is ook vandag nog waar, net soos die belofte: ***"En die HERE sal besit neem van Juda as sy erfdeel op die heilige grond en Jerusalem weer verkies"*** (Sag. 2:12). Judea behoort aan die hartland van Israel en sedert Dawid se tyd was Jerusalem die hoofstad van Israel. Jerusalem word 780 keer genoem in die Bybel. Volgens Sy raadsbesluit vervul God die HERE Sy verlossingswerk eerstens met die Gemeente vanuit die nasies en dan met Israel (Rom. 11 o.a.).

Die Bybelse gelowiges gee aandag aan die tekens van die tye en ag die woorde van die HERE as ernstig: ***"En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle koppe op, omdat julle verlossing naby is"*** (Luk. 21:28).

Soos Paulus die hele raad van God verkondig het (Hand. 20:27) en in sy briewe, in werklikheid, elke bybelse tema, elke lering uiteengesit het, het dit ook in ons tyd weer geskied. In ons tyd was William Branham, die man wat deur God gestuur was. Hy het die basiese leerstellinge van die Gemeente eintlik op die kandelaar geplaas. Die oorspronklike leringe oor die godheid, die doop, die Nagmaal en alle ander onderwerpe is op fondament van die apostels uiteengesit.

Ons kan nie vir die Laaste Oordeel wag op korreksie nie: dan is dit te laat. Dit moet nou begin by die huis van God: *"... die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is?"* (1Pet. 4:17).

Deur die ware verkondiging word alles nou wêreldwyd in die Gemeente van Jesus Christus herstel en tot voltooiing gebring.

Sodra die laaste boodskap sy doel gedien het, keer die HERE as Bruidegom terug (Matt. 25: 1-10) en neem die Bruid-Gemeente met Hom (Joh. 14:3). Die wyse maagde word as die Bruid van die Lam na die bruilofsfees geneem (Openb. 19:7). Ek glo dit wat broeder Branham deur die HERE vertel was, dat die boodskap van die geopenbaarde Woord wat aan hom toevertrou is, die wederkoms van Christus sal voorafgaan. Nou kom alles, selfs die ware verkondiging van die ware Woord tot voltooiing. Geseënd is hy wat God kan glo, soos Abraham God geglo het (Gen. 17:5; Rom. 4:17)!

Paulus kon in sy laaste brief aan Timótheüs skryf: ***"Maar die HERE het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die prediking heeltemal volbring kan word en al die heidene dit kan hoor; en ek is uit die bek van die leeu verlos"*** (2Tim. 4:17). Ek dank my HERE , dat Hy my self geroep, gestuur en opdrag gegee het. Ten slotte dank ek Hom vir die voorreg dat ek toegelaat is om die suiwer Woord-boodskap tot vandag in die wêreld kon uitdra.  Aan Hom al die eer in alle ewigheid.

Ons is baie nou verbind met al die broeders en susters in Christus wêreldwyd en onthou mekaar in ons gebede. Mag God die HERE die broeders oor die ganse aarde, wat die suiwer Woord, die suiwer geestelike spyse uitdeel, veral in besonders seën.

***"Aan Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig, aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid! Amen"*** (Jud. 24-25).

Ons almal wag daarop, dat 1Thessalonicense 4: 13-18 vervul sal word: *"Want die HERE self sal van die hemel neerdal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God, en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly saam met hulle in wolke weggevoer word die HERE tegemoet in die lug".*

Die HERE seën julle almal.

Gelewer in opdrag van God.

Bro. Frank

Liewe broeders en susters in die HERE,

Met diepe dankbaarheid in my hart kyk ek terug na 47 jaar sedert ek broeder Frank ontmoet het. Ek kan werklik sê: *"Nou weet ek dit dat u 'n man van God is en dat die woord van die HERE in u mond waarheid is"* (1Kon. 17:24).

Van die begin af kon ek die vertaalde preke van broeder Branham in Duits hoor vanuit broeder Frank se mond, die omsendbriewe en boekies lees wat hy oor al die belangrike bybel-temas geskryf het.

Die profetiese Woord vir ons tyd is bybels verordineer net soos alle gebeure wat met die eindtyd verbind word. Dit het aansienlik bygedra tot onse geestelike groei.

Ek kan self getuig hoe die Gees van God in die byeenkomste werksaam was. Die Woord van God was nog altyd vir ons vars van God se troon af geopenbaar.

Deur God se genade het ek ook vir broeder Frank vergesel op van sy sendingsreise, veral na lande van die Portugese taal.

Die oorspronklike saad, die Woord van God, is gesaai. Dieselfde leringe wat die apostels van ons HERE ontvang het, is verkondig. Ons was teruggebring na die geloof van ons vaders volgens die belofte in Maleági 4: 5-6. Die gestoorde voedsel word nou volgens Matthéüs 24: 45-47 uitgedeel.

Ook het ek nog nooit iets vanuit broeder Frank se mond gehoor wat nie die suiwer Woord van God is nie. Daar is diegene wat by die oorweldigende bediening van Broeder Branham gestop het en sy moeilik-om-te-verstaan uitsprake tot hul eie ondergang verdraai het (2Pet 3:16), en daar is diegene wat meegaan met en bybels identifiseer wat God teenwoordiglik doen.

Nou staan ons voor die onmiddellike wederkoms van die HERE. Kom, laat ons in alle ywer die werk van God en veral die draer van Sy Woord in gebed voor God bring. Onthou: die beste kom nog!

Verbind in die liefde van Christus,

U broeder Helmut Miskys

Sou u belangstel om ons literatuur te ontvang, stuur gerus ‘n epos aan:

info@pretoriamission.co.za (In Afrikaans of Engels)

Telefoon: +27-12-756-4504

volksmission@gmx.de (In Engels of Duits)

Telefoon: +49-2151/545151

Literatuur is ook beskikbaar in al die hoof wereld-tale by www.misia.sk

Verder kan u ook inskakel op die Internet vir ons maandelikse uitsending wat val op die eerste naweek van elke maand: op die Saterdag aand om 19h30 en die Sondag oggend om 10h00 (Sentraal-Europese Tyd). Hierdie uitsendings kan gevolg word in vyftien verskillende internasionale tale. Wees deel van God se Verlossingsplan, soos dit nou in vervulling is!

Ons is ook sigbaar op youtube.com onder

“Apostolic Prophetic Bible Ministry”

Internasionale tuisblad: http://www.freie-volksmission.de

**Reproduksie en kopiëring is slegs toegelaat met toestemming**
Uitgewer: Ewald Frank, Sendeling, Posbus 100707, 47707 Krefeld, Duitsland. Alle publikasies is moontlik gemaak deur vrywillige skenkings.